

“Skep julle kommando’s in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!”: Die Ossewa-Brandwag se maatskaplike beleid van Sosiale Volksorg, 1943-1952

Charl Blignaut
Potchefstroom Kampus
Noordwes Universiteit
20312814@nwu.ac.za

Abstract

“Convert your commando’s into laagers of rescue! One for all and all for one!”: The Ossewa-Brandwag’s social policy of Sosiale Volksorg, 1943-1952

Established as an organisation with the aim to influence all aspects of Afrikaner life, the Ossewa-Brandwag (OB) made an impact on the lives of thousands of Afrikaners between 1939 and 1954. At the very start the movement set out to be solely a male enterprise. However, because of the intense emotional feelings and nationalist sentiments created by the 1938 Centenary Celebrations of the Great Trek, women showed great enthusiasm for the OB. This compelled leadership to ensure them a place in the organisation. Thousands of women would eventually take part in all the activities of the movement – from fundraising to political resistance. One of the activities where women excelled was in taking the lead in the many charitable endeavours of the OB referred to as “volksorg” (social care of the nation). No published study exists on the role of women in “volksorg” after the reorganisation of the OB in 1943. This article aims to describe the place and role of women in OB-centred charitable work encapsulated in the concept “volksorg”. Attention is given to the official goals and activities of the “Ossewa-Brandwag Vroue Volksorg Vertakking” (Women’s “Volksorg” Branch) and the movement’s singular interpretation of the “social”. Contemporaries’ understanding of sexual difference is explained through emphasising the distribution of labour according to the norms of gender. In this way the article aims to shed light on how the gender order was shaped by contemporaries’ determinist interpretation of sex.

Keywords: Charity; Women; Afrikaner women; Women’s History; Gender; Social Policy; Ossewa-Brandwag; Volksorg.

Inleiding

Gestig met die oog op die omvorming van alle fasette van die Afrikanerlewe, was die Ossewa-Brandwag (OB) ’n beweging wat tussen die jare 1939 tot 1952 ’n beduidende invloed uitgeoefen het op die lewe van tienduiseende Afrikaners. Alhoewel die beweging aanvanklik net uit mans sou bestaan het, het die katalisator vir die stig van die OB, naamlik die emosionele opwelling tydens die Eeufeesvieringe van 1938, leiers gedwing om plek te maak vir die entoesiasme van vroue wat hulle heelhartige steun aan die OB verleen het. Vroue sou uiteindelik deelneem aan alle aktiwiteite van die organisasie – van fondsinsameling tot politieke verset. Een van die plekke waar hulle uitblink het, was in die hantering van die maatskaplike sy van die beweging.

Die OB was georganiseer volgens die kommandostrukture van die voormalige Boererepublieke. Aparte kommando’s vir vroue is ook georganiseer regoor Suid-Afrika. Saam het al hierdie kommando’s die amptelike Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling gevorm. Op ’n provinsiale en nasionale vlak is vrouekommandos verteenwoordig deur ’n spesiale raad genoem die Vroue-Adjunkraad (VAR). Hierdie raad het deel gevorm van die oorkoepelende Vroue-afdeling. Vóór die OB sy strukture herorganiseer het in 1943 was die verskillende vrouekommandos en die VAR provinsiaal opgedeel. Ná herorganisasie is die OB opgedeel in ses gebiede, elkeen met ’n VAR wat bestaan het uit vroueoffisiere.¹ Aan die hoof van elke gebied het ’n “Hoofvrou” (of Generale) gestaan. As ’n liggaam het die VAR die Vroue-afdeling op die Grootraad, die hoogste orgaan van outoriteit, verteenwoordig. Die fokus van hierdie artikel is op vrouesake wat ná die herorganisasie van die OB ter sprake is.

Die doel van herorganisasie was om die OB administratief op sterker voet te plaas vanweë die geweldige groei in getalle. Die Vroue-afdeling is hier geraak deurdat ’n nuwe liggaam, die Afdeling Sosiale Volksorg, gestig is wat verantwoordelik was vir die koördinerende van maatskaplike werk. Vroue sou primêr deel vorm van hierdie afdeling, aangesien “hul besondere kennis aangaande vrouevolksorg” die hartklop van dié nuwe afdeling sou wees.² Vanaf die herorganisasie is daar byna nooit weer na die taak van die vrou

1 Die administratiewe gebiede van die OB het soos volg daarna uitgesien: Gebied A: Weskaap; Gebied B: Oos-Kaapland; Gebied C: Vrystaat en Griekwaland-Wes; Gebied D: Natal; Gebied E: Witwatersrand, Oos- en Wes-Transvaal; Gebied F: Noord-Transvaal.

2 Ossewa-Brandwag-Argief (hierna OBA), Ferdinand Postma-Biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel 5/43, 8 Junie 1943.

verwys sonder om “volksorg” te noem nie. In ’n voorstel wat handel oor die taak van die vrou, tree die beklemtoning hiervan ook sterk na vore:³

- Die vrouevertakking van die OB het ’n tweeledige taak:
 - » om as hulpafdeling van die manne-afdeling te dien; en
 - » om ’n georganiseerde beweging vir vrouevolksorg te wees.

Die VAR sou voorts ’n duidelik omskryfde taak hê in die uitvoer van die OB se maatskaplike (sosiale) beleid wat die amptelike Gesinsbeleid en Sosiale Volksorg ingesluit het.⁴ Dit het aanvanklik neergekom op die koördinerende van die praktiese werkprogramme van die ganse Vroue-afdeling met die sosiale beleid van die OB wat uitgewerk is deur die hoof van Sosiale Volksorg, Geoffrey Cronjé.⁵

Daar bestaan geen gepubliseerde studie oor hoe vroue se volksorgtaak daarna uitgesien het ná die herorganisasie van die OB nie. Hierdie artikel stel dit ten doel om ’n beskrywing te gee van die plek van vroue, sowel as hulle rol in OB-gesentreerde maatskaplike werk, opgesom deur die konsep “volksorg”. Aandag word geskenk aan veral die amptelike doelstellings, take en aktiwiteite van die OB Vroue Volksorg Vertakking sowel as OB-lede se eiesoortige verstaan van volksorg. Die verdeling van arbeid langs die lyne van geslag word ook oorweeg om ’n beter begrip daar te stel van tydgenote in die OB se interpretasie van geslagtelike verskil. Die doel is om die invloed van die geslagsorde op vroue te bepaal wat deur laasgenoemde gevorm is.

Die OB-definisie en organisasie van volksorg

In ’n beleidstudieprogram wat uitgewerk is vir vroue, word volksorg beskryf as “maatskaplike sorg, gesondheidsorg, arbeidsorg en wat regstreeks daarmee saamhang”. Spesifiek is ook besluit om die benaming “volksorg”

3 OBA, PJ Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G Cronjé.

4 Sien in hierdie verband: Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1942).

5 OBA, JS de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Verhouding tussen die afdeling Sosiale Volksorg en die Vrouevertakking van die OB; OBA, Cronje, G-vers., B/L 2/11, omslag 1: Volksorg: Beleidstudieprogram. Vandag is hy beroemd vir sy idees rondom ras en die invloed daarvan op die latere apartheidsbeleid, maar hy het ook ’n groot rol gespeel in die vorming van die rol van die vrou in die OB. As sosioloog aan die Universiteit van Pretoria sedert 1936 sou hy sy merk maak op gesinsosiologie wat later ’n sterker invloed op die OB Vroue-afdeling en die amptelike ideologie van die OB sou uitoefen. Cronjé het sterk geïdentifiseer met die organisasie en het ook hoë posisies beklee, naamlik as generaal van Pretoria, sekretaris van die Grootraad (1947/48), hoof van die Noodhulpfonds en latere hoof van Vroue-Volksorg.

in plaas van “sosiale sake” te gebruik, aangesien dit meer ooreenstem met die OB se nasionalistiese gedagte van organiese eenheid.⁶ In die *Oorsig oor die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag* is volksorg omskryf as die bevordering van gesonde en selfstandige gesinne wat kan dien as “voedingsbodem van ’n gesonde persoonlike, sosiale en volkslewe.” Verder is dit beskryf as ’n middel waartoe opbouende arbeid deur elke “volkslid” bewerk moet word “wat tegelyk vir homself lonend en bevredigend sal wees”. Hiermee moes maatskaplike werk in die OB ’n eiesoortige karakter aanneem deurdat dit verskil van heersende maatskaplike idees van die tyd. Die aard van volksorg is beskryf as iets wat:⁷

... beslis nie die oudtydse liefdadigheid moet wees wat nog steeds deur die volksvreemdes onder die benaming “Charity” vir die verwaarloose Afrikaners opgedis word nie. Dit moet ook nie die teenswoordige maatskaplike werk wees wat in die teken van die kunsmatige klasseverskille van die kapitalistiese samelewing staan nie. Die sosiale volksorg [wat] deur die Ossewa-Brandwag ontwikkel word, moet berus op die grondslag van die organiese volkseenheid en moet bo alles deur sosiale hoederskap gekenmerk wees.

Vroue se rol in die verwesenliking van die bogenoemde is soos volg geskets:⁸

[Die] koördinasie en leiding van alle maatskaplike en liefdadigheidswerk en armsorg in die gees van waaragtige volksorg en noodhulpdiens deur die hele volk vir elke volksgesin en volkslid, met volle geleentheid vir die vrou tot selfontwikkeling en selfverwesenliking met die oog op vrugbare vervulling van haar besondere taak in hierdie verband.

Die amptelike OB-beleid rakende volksorg is voorgelê aan en goedgekeur deur die Grootraad in 1944.⁹ In 1945 is daar ’n voorstel gemaak dat volksorg op stewiger voet geplaas moet word deurdat “die hele beweging deursuur moet word van die volksorgidee en die volksorgbeleid van die OB”.¹⁰ Hierdie voorstel het daartoe gelei dat die Vroue-afdeling voorts bekend sou staan as die Ossewa-Brandwag Vroue Volksorg Vertakking. In ’n verslag aan die Grootraad is verklaar:¹¹

Die OB-Vroue-Volksorg... is die vroue-vertakking van die OB en is ’n verdere aanpassing van die huidige OB-Vroue-organisasie deur die uitbouing

6 OBA, Cronje, G-vers., B/L 2/11, omslag 1: Volksorg: Beleidstudieprogram.

7 OBA, Grootraad-vers., B/L1/2/12: Notule van vergadering 28-29 September 1944, Verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

8 OBA, JS de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag.

9 Sien OBA, Grootraad-vers., B/L1/2/12: Notule van vergadering 28-29 September 1944, Verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

10 OBA, Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 12: Sittig van die Grootraad, 1945: Sosiale Volksorg.

11 OBA, Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Ossewa-Brandwag-Vroue-Volksorg.

van sy werksaamhede.

Baie duidelik is beklemtoon dat “[d]ie OB-Vrouevolksorg moet nie iets apart binne die vrouefdeling van die OB wees nie”.¹² Dit beteken dat die VAR nie net praktiese werkprogramme sou uitwerk wat ooreenstem met OB-beleid nie, maar ook afdelings sou skep vir die uitvoer van “vrouevolksorgtake”. In elke generaalskap van die OB sou daar ’n “vrouevolksorgoffisier” benoem word wat verantwoordelik sou wees vir die implementering van volksorg en die insamel van verslae vanuit die verskillende kommandantskappe.¹³ OB-vroue sou ook self besin oor en aandag skenk aan hulle besondere taak in hierdie nuwe gees van volksorg.

Die taak van die OB-vrou en haar eiening van die maatskaplike

’n Uiters belangrike uniale vrouevergadering, die eerste konstituerende vergadering van die Vroue Adjunkraad, is in 1943 gehou. Tydens hierdie vergadering is spesifiek besin oor die taak van die vrou in die OB. ’n Reeks verklarings en besluite is uitgereik wat dan ook die nuwe klem op volksorg vir die vrouefdeling uitgestippel het. Die besluite wat by hierdie vergadering geneem is, is in omsendbriewe dwarsoor die vrouekommandos van die OB versprei.¹⁴ Die taak van die vrou, uitgewerk deur die belangrikste OB-vroue (in oorleg met die OB se organisasieleier), is by uitstek gebou op die biologiese determinisme van OB-ideologie. Wanneer tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil in ag geneem word, is dit duidelik dat vroue self ook ingekoop het op die idee van biologiese determinisme. Die essensialisme wat spruit uit die primordialisme van organiese nasionalisme, wat hulle lewens- en wêreldbeskouing gevorm het, was ook vir vroue rigtinggewend in die uitwerk van ’n “amptelike” taak van die vrou in die OB soos blyk uit die volgende verklaring:¹⁵

- Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil, moet hulle uit die aard van die saak in die volkslewe en gevolglik ook in die volksbeweging elk ’n onderskeie taak hê, net soos dit in die huisgesin die geval is. Op grond van die onderskeie taak word man en vrou dan wedersyds aanvullend in die huisgesin,

12 OBA, PJ Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G Cronjé. (Bron se eie beklemtoning).

13 OBA, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Vrystaatse Ossewa-Brandwag, Bevel no. 4/34, 5 Mei 1943.

14 OBA, Cronjé, G-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30 Junie 1943.

15 OBA, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Omsendbrief nr. C 4/43, 22 Julie 1943.

die volkslewe en die volksbeweging.

- Die taak van die man is by uitstek geleë in die beoefening van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou by uitstek geleë is in die opvoedings- en versorgingsarbeid, allereers in die eie huisgesin en vervolgens in die breëre volkslewe.
- Die eie taak van die vrou in die volkslewe is minstens net so belangrik en in sy uiteindelijke uitwerking selfs meer belangrik as dié van die man. Net soos die vrou langs die weg van die opvoeding en die versorging die siel van die gesin is, net so is sy langs dieselfde weg ook die siel van die volk. In die uitvoering van haar eie taak moet die vrou minstens net soveel erkenning geniet as die man in die uitoefening van sy taak [sic].

Hierdie gestipuleerde take is nie noodwendig slaafs nagevolg nie, maar het die plek en rol van die vrou in die OB duidelik uitgestippel. Dit dui egter daarop dat die vrou se rol as versorger van die gesin en volk in amptelike beleid ook deur vroue self aanvaar is. Leidende OB-vroue was vertrouwd met OB-ideologie. Trouens, vroue is kort-kort onderrig in OB-ideologie deur lesings en toesprake wat gehou is by vrouekampe en laertreke.¹⁶ Dit is dus nie verbasend dat vroueleiers, soos genle. K Malan van die Transvaal, die taak van die vrou in Sosiale Volksorg gesien het teen die agtergrond van die OB se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde vir Suid-Afrika nie. In verskeie toesprake het die Kommandant-Generaal (KG) van die OB verklaar dat die sosiale gedeelte van “die nuwe toekomsstaat”, wat deur die OB in die vooruitsig gestel is, deur die vrou behartig sou word.¹⁷ As reaksie op hierdie taak vanaf haar KG, het genle. Malan tydens 'n vergadering van die Transvaalse VAR aanbeveel dat die vrou in die OB opgevoed moes word om die pligte van Sosiale Volksorg te behartig. Volgens haar moet die vrou se pligte in die OB 'n voorbereiding wees vir die pligte van die toekoms. Sy is van mening dat die vrou “ideologiese en praktiese opvoedkundige leiding” behoort te kry in sake “wat saam gevat kan word onder die hoof van Volksorg”. Ons sien ook in genle. Malan se woorde die bewussyn dat die vrou se taak in die OB ná herorganisasie aan die verander is:¹⁸

Tot nou toe was haar pligte in die OB hoofsaaklik om fondse in te samel; sy het dus net geleer om funksies te hou en met die het sy 'n bietjie kennis van

16 OBA, Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Lesing: CH Rautenbach, “Ons lewensbeskouing of ideologie” (’n Inleidende lesing gehou voor die Vrouewag en ander offisiere te Pretoria op 6 Februarie 1945).

17 OBA, *Die OB*, 2 Junie 6 1943.

18 Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Argief vir Eietydse Aangeleenthede (hierna AEA), PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Aanbevelings van Transvaalse VAR uitspruitende uit vergadering gehou op 26 November 1942.

organisasiewerk opgedoen. Is dit genoeg voorbereiding vir die vrou wat skouer aan skouer met die man moet help om haar volk op te bou en te dien? Omdat dit noodsaaklik is vir die toekoms van ons volk dat die vrou haar regmatige aandeel doen van die volkswerk en nie soos 'n parasiet sit nie, voel ons dat die vrou in die OB DEUR DIE VROU moet opgevoed word insake rakende Volksorg.

Genle Malan se uitlating en beklemtoning dat die OB-vrou “deur die vrou” self opgelei moet word oor volksorg dui op die tydgenootlike verstaan van die vrou as “van nature” geneig om bekwaam te wees in sake rakende versorging. Die man kan die vrou nie oplei in volksorg nie – dit moet “deur die vrou” gedoen word. Dit is teen hierdie agtergrond ironies dat die hoof van Sosiale Volksorg juis 'n man was – dit reflekteer die patriargale geslagsorde. Dit is ook veelseggend dat genle. Malan noem dat die vrou “nie soos 'n parasiet” wil funksioneer in die OB nie. Vlytigheid en hardwerkendheid het ingepas by die bogenoemde beeld van die vrou. Andersyds dui dit ook op die vrou wat vertrou in “haar eie” agentskap het en self wil werk vir haar “regmatige” plek in die OB. Vroue was dus duidelik bewus van en betrokke by die genoemde skuif na volksorg.

In kort het die klemverskuiwing vanaf herorganisasie vir vroue beteken dat:¹⁹

...die bestaande Vroue-adjunkrade [wat] van die begin af bedoel as beleidsadviserende liggame ook vir sosiale werk, moet met al hulle funksies wat hulle het en tot hiertoe beoefen het, bly voortbestaan, maar sal verder vir uitvoering en propagering van volksorg-werksaamhede ingeskakel word.

In die volgende afdeling word daar aandag geskenk aan die doelstellings en taak van die Vroue Volksorg Vertakking wat voortvloei uit die nuwe klem op volksorg. Wanneer Christoph Marx in sy navorsing verwys na Geoffrey Cronjé se bemoeienis met die beleid van Sosiale Volksorg noem hy dat “[h]ere too great store was set by ideological considerations”.²⁰ Hierdie ideologiese oorwegings en geslagspersepsies het onder andere die beeld van die vrou in die OB voorgehou, nie net as 'n simbool van versorging in die gesin nie, maar ook van die versorging van die breë samelewing, oftewel “die volk”. Dit het belangrike gevolge ingehou vir die uiteindelijke maatskaplike rol van vroue wat ideologies moes inpas by die dominante geslagsorde. Voor die invloed van geslag in vroue se rol oorweeg word, is dit nodig om te let op die besondere gedetailleerde aandag wat in amptelike beleidstukke geskenk is aan vroue se volksorgtaak.

19 OBA, PJ Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB Vroue-volksorg: Doelstellings en taak.

20 C Marx, *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, UNISA, 2008), p. 461.

Die aard van volksorg en die ampelike doelstellings en taak van die Vroue Volksorg Vertakking

Op grond van die genoemde “tweeledige taak” van die vrou ná herorganisasie is die vroue-afdeling ingedeel in twee hoofafdelings. Die een afdeling is genoem “Vrouevolksake” wat die spesifieke take van die vrou in die volksbeweging, naamlik die OB, uiteensit. Die tweede afdeling het bekend gestaan as “Hulpdienste” wat weer die werksaamhede bevat het wat “aanvullend” is vir die manne-afdeling. Die taak van die Vroue Volksorg Vertakking is onder hierdie twee hoofde saamgevat:²¹

Die Hulpdienste staan veral in verband met die volgende:

- Funksies, feeste, laertrekkings, ens.
- Veldhulp (mediese noodhulp).
- Volkspolitiese vorming (die opvoeding van die huisgesin in die ideologie, kultuur, lewensbeskouing, ens. van die volk).

Die Vrouevolksake behels veral die volgende:

- Volksorg.
- Jeugbeweging (d.w.s. die dogters).
- Noodhulp.
- Arbeidsdiens van die vrou.

Tot en met herorganisasie het die meeste vroue wat behoort het tot die OB hulself besig gehou met die eerste punt van Hulpdienste. Met die klemverskuiwing na volksorg is daar in die loop van 1943 en 1944 omsendbriewe en bevele uitgestuur wat aan die vrouekommandos van die OB verduidelik het wat bedoel word met “Vrouevolksake”.²² Volksorg is omskryf as ’n voortsetting van die Noodhulpfonds se aktiwiteite, maar met ’n groter klem op persoonlike aandag en kontak met hulpbehoewendes as net blote fondsinsameling.

Die Ossewa-Brandwag Noodhulpfonds is gestig in 1941 as gevolg van die massa-arrestasies en internering van OB-lede onder die noodmaatreëls van die Smutsregering. Honderde mense is in die tronk of in kampe aangehou omdat hulle weerstand gebied het teen die oorlogspoging of omdat hulle deur regeringsagente beskou is as ’n bedreiging. Ander was weer voortvluggend en

21 OBA, Cronjé, G-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30 Junie 1943.

22 OBA, Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 14/44, 9 Junie 1944.

moes onderhou word soos hulle van die een huis na die ander gevlug het.²³ Die Noodhulpfonds moes primêr seker maak dat daar genoeg geld beskikbaar was om te voorsien in die behoeftes van afhanklikes van die aangehoudenes, voortvlugtiges en geïnterneerdes. Dit is hier waar vroue een van hulle belangrikste versorgingsfunksies in die OB vervul het, naamlik as die hart van die Noodhulpfonds.

In amptelike beleid is dit duidelik gemaak dat mense nie net stofflike behoeftes het nie, maar 'n reeks omstandighede ondervind “wat hulle met behulp van hulle volksgenote kan oorwin”.²⁴ Vroue se noodhulpfondsaktiwiteite moes inpas by die volksorggedagte – een wat “nie” ooreenstem met 'n karakter van liefdadigheid nie. So is die riglyn gegee dat:

...[dit] moet altyd in gedagte gehou word dat die geldelike hulpverlening slegs 'n onderdeel van die Noodhulpversorging is. Aan die sosiale en geestelike versorging moet soveel moontlik aandag bestee word.

Herhaaldelik is teenoor vroue benadruk:²⁵

...dat die huisgesinne gereeld besoek moet word. Hierdie simpatieke belangstelling is van die allerhoogste waarde. Veral moet die moeders nooit die gevoel kry dat hulle alleen staan nie. Sorg ook dat die besoeke wederkerig is.

Die OB wou by wyse van volksorg beide stofflike en geestelike hulp verskaf aan diegene wat gebaat het uit die Noodhulpfonds.

Teen die bogenoemde agtergrond het Malan byvoorbeeld verklaar dat sy en haar vroue-afdeling moet poog om “[m]et alle gesonde en Christelike middels en metodes te ywer dat die sinkende deel van ons Boerevolk ekonomies gered word.” Sy het volksorg opgesom as “Voorsorg”, “Sorg”, en “Nasorg”. “Voorsorg” kom neer op die opvoeding van vroue “om haar self ekonomies selfstandig” te maak. Dit het ingesluit voorligting oor spaarsamigheid in die huis en bewusmaking van die gevolge van ekonomiese insinking. “Sorg” het die daarstelling van rehabilitasie-eenhede in die vooruitsig gestel vir “mense wat maatskaplik siek is” met die doel om die mense weer op hulle voete te kry. Dié eenhede moes saamwerk met die bestaande liefdadigheidsorganisasies. “Nasorg” het beteken dat offisiere deurentyd besoek moes aflê aan diegene wat “ontslaan” is uit die rehabilitasie-eenhede ten einde te verhoed dat hulle

23 E Theron, *Sonder hoed of handskoen* (Kaapstad, Tafelberg, 1983), p. 42.

24 OBA, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C. 8/43, 30 Augustus 1943.

25 OBA, Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 15: Noodhulpversorging (Algemeen).

weer ekonomies verval.²⁶ Die Transvaalse kommandos, veral die Tienie Stoffberg-vrouekommando, het hulle veral toegespits op die armlankes aan die Witwatersrand.²⁷

Voorts is met die uiteensetting van die vrou se taak in volksorg opnuut klem gelê op haar rol as opvoeder van spesifiek die dogter. Die “geestelike versorging” van die dogtersvertakking van die Boerejeug, die amptelike vleuel van die jeug in die OB, is aan die Vroue-afdeling opgedra. Hierdie versorging moes ooreenstem met die hoofdoel van die jeugbeweging wat beskryf is as “die opvoeding van die seun en dogter as toekomstige man en vrou volgens die eise wat die volksgemeenskap aan hulle as volwassenes sal stel” wat weer ooreengestem het met die amptelike Gesinsbeleid wat die gesin sien as die kern van die “volksorganisme”.²⁸ Die doel van hierdie opvoeding was die behoud van die volk in die toekoms: “Dit is die vrou wat die morele stand van die volk moet hoog hou” en haar toespits op die “[o]nwenlikheid en gevaar van uitheemse invloede op die volkslewe, veral met betrekking tot maatskaplike omvang, ontspanning, vermaak en kleredrag”. Hier sien ons dat die vrou as ware die “tradisionele” geslagsorde van die OB in stand moes hou deur ook die toekoms, naamlik die jonger geslag, op te lei as getroue navolgers daarvan. Die verdeling van arbeid langs geslagslyne is dan ook deur die volksorgtaak van die vrou aangemoedig in haar betrokkenheid by die dogters. Werksklasse het voorligting en praktiese sessies ingesluit oor onder andere “moederkunde, kookkuns, naaldwerk, spaarsaamheid ens.” Hierdie take dui op die oplei van dogters as huisvroue, maar dit word ook aangemoedig dat die dogters moes leer “kar inspan, perd opsaal en leisels hou”.²⁹

Hierdie take is nog verder uitgebrei deur nie net die opvoeding van die Boeredogters nie, maar ook die opvoeding van die vrou “deur die vrou” te beklemtoon – selfstandigheid dus. Die Transvaalse VAR het in hierdie verband dit ten doel gestel “[o]m ’n liggaamlik en geestelik gesonde volk in die wêreld te bring en groot te maak”. Die volk is hier direk gelykgestel aan ’n kind en die taak van die vrou, haar arbeid, gelykgestel aan die skenking van geboorte – die “skepping” van ’n “gesonde volk”. Om hierdie doel te bereik, moes die Vroue Volksorg Vertakking toesien dat die vrou kennis opdoen van

26 AEA, PV 158, Lêer no. 30, Jerling-versameling: Beleidskema en werkprogram.

27 C Marx, *Oxwagon sentinel...*, p. 337.

28 OBA, Cronjé, G-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30 Junie 1943.

29 OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17 Oktober 1942.

die volgende hoofpunte:³⁰

- Voeding van die kind van die eerste dag van sy lewensbestaan.
- Kleding van die kind.
- Higieniese huisvesting van die kind en volk (Behuising)
- Normale liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die kind:
 - » Algemene liggaamlike afwykings en hulle behandeling.
 - » Algemene geestelike afwykings en hulle behandeling.
- Huishoudelike ekonomie (om die beste gebruik te kan maak van die man se inkomste)
- Verplegingsdienste.
- Staats-ondersteunde Sosiale werk:
 - » Beheer en versorging van verwagte moeders.
 - » Beheer en versorging van werkende meisies.
 - » Beheer en versorging van voorskoolse kind.

Buiten die bogenoemde take is volksorg opgedeel in ses verdere onderafdelings, naamlik opvoeding, huishoudelike voorligting, gesondheidsorg, maatskaplike sorg, vryetydsbesteding en arbeidsorg.³¹ Arbeidsorg het veral verwys na wat genoem is die “praktiese werkprogramme” wat die vrou in staat sou stel om by wyse van “vroulike arbeid” ekonomies selfstandig te word. Aangesien dit nie aanvaarbaar was vir vroue om hulleself totaal te wy aan die beroepsarbeid nie, het die OB-vroue ’n unieke manier gehad om hierdie aspek van volksorg te behartig. Hierna is verwys as “die arbeidsdiens van die vrou”. Hoe hierdie arbeidsdiens, saam met die Noodhulpfonds as deel van volksorg, prakties voortgevloei het uit die amptelike beleid van Sosiale Volksorg word aangeraak in latere afdelings van die artikel.


Net soos in die beginjare van die OB, is die organisasie van vroue geregverdig langs die weë van biologiese essensialisme: “Uit die onderskeie taak van man en vrou volg noodwendig dat elk sy eie organisasievorm moet hê. Die organisasievorm moet bepaal word deur die taak wat uitgevoer moet word.”³² Die taak is natuurlik afgelei van die sosiale betekenis geheg aan geslagtelike verskil. So is die organisasie van die vrou se taak, ná herorganisasie van die OB in 1942/43, soos volg uitgebeeld:

30 AEA, PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Aanbevelings van Transvaalse VAR uitspruitende uit vergadering gehou op 26 November 1942.

31 OBA, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C. 8/43, 30 Augustus 1943.

32 OBA, PJ Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: Die Ossewabrandwag Vroue-Volksorg: Memorandum.

Figuur 1: Skematiese voorstelling van vrouewerksaamhede ná herorganisasie



Bron: OBA, Cronjé G-vers., B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg: Skema van vrouetake.

Die invoegsel “Insover dit die vrou en die huisgesin raak” is veelseggend. Die sfeer van die vrou is dus duidelik afgebaken as iets wat beperk is tot die huis. Tog het vroue self hulle sfeer wyer gesien as bloot net in die huis. Die huis was vir hulle die kern van die volk waar die breër versorging van die volk in sy geheel begin.³³ Uit die bogenoemde organigram is dit waarneembaar dat volksorg aan die een kant die “huismoederlikheid” van die vrou beklemtoon het en die voorbereiding en afronding van die vrou as vaardig in maatskaplike sake in die vooruitsig gestel het. Dit is egter ook opvallend, ten spyte van die afbakening van haar taak in die huisgesin, dat die vrou se volksorgwerkzaamhede op groter skaal moes figureer, naamlik as moeder wat sorg vir die volk in sy geheel. Vervolgens word die geslagsbetekenisse geheg aan versorging sowel as die geslagsdinamika binne die OB Noodhulpfonds, in meer besonderhede bespreek.

Die wyer interpretasie van volksorg en die beperkende aard van die OB se geslagsorde

Die opvoedings- en versorgingsrol van die vrou in die partikuliere sfeer van die gesin was dikwels deur vroue interpreteer as iets wat ook universeel/openbare implikasies gehad het. Deur haar versorgingstaak in die gesin ontstaan daar ’n rimpeleffek waar volksorg dit ook laat geld in die openbare/

33 OBA, Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

politieke terrein wanneer die behoud van die volk as geheel ter sprake is. Vroue het hulle versorgingstaak self as universeel beskou.

In 'n invloedryke artikel wat klem lê op die betekenis van “kuns” beoefen deur Afrikanervroue, gepubliseer in een van die uiters populêre jaarboeke van die OB, illustreer 'n kommandante van die OB, mev E Holm, die volksorg besonder sinvol:³⁴

Ons weet dat die versorging en behoud van kulturele waardes in praktyk in die hande van die vrou lê – selfs al sou mans hulself wetenskaplik en teoreties veel meer daarmee besig hou. Dit is die vrou wat 'n tuiste skep. Sy druk haar stempel af op werksdae en feesdae. As moeder is sy beheerder en bewaarder van oeroue kultuurgoedere. Van haar leer die kind die taal en sy eerste lied. Van die moeder kry hy sy eerste speelgoed en deur haar oë leer hy die wêreld sien – vorm hy 'n wêreldbeskouing.

Die Ossewa-Brandwag kon dalk onder Kommandant-Generaal, dr JFJ van Rensburg, die konseptuele, universele, ideaal van 'n organiese Christelik-Nasionale republiek gehad het, met kultuur wat daartoe bydra, maar dit was die partikuliere werksaamhede van die vrou wat dit sou moontlik maak vir kultuuraktiwiteite om die doelwitte van die volksbeweging te dien. In die bogenoemde aanhaling vind ons 'n wye interpretasie van die vrou se volksorgtaak. Mev Holm was bewus van die feit dat dit uiteindelik die vrou is wat die toekomsdraer van die Afrikanerkultuur is. So interpreteer sy die rol van die moeder in die “huis” as 'n politieke rol wat nie noodwendig moet behoort tot die formele politiek om mag oor die toekoms van die volk te hê nie. As die kind nie aan die hand van die moeder die “oeroue kultuurgoedere” of “die taal” leer nie, kan die doelwitte van die nasionale beweging nie verwesenlik word nie. Die vrou moet in haar kapasiteit as moeder “sorg” dat die kind so opgevoed word. So word dit duidelik dat die betekenis van “volksorg” veel meer is as net die versorging van geïnterneerdes se families. Vroue “sorg” dat die kultuur en nasionalisme van die Afrikanervolk uiteindelik deur volgende generasies gehandhaaf word. Die moontlikhede van hierdie indirekte politieke rol wat die vrou kon speel is egter beperk deur tydgenote se biologies-deterministiese verstaan van geslag. Vroue se volksorgaktiwiteite via die Noodhulpfonds sou 'n beduidende invloed uitoefen op die geslagsorde.

Soos genoem is die Noodhulpfonds ná herorganisasie gesien as een van die hoofinstrumente van volksorg. Tot en met 1948, toe die laaste gevangene

34 OBA, E Holm, “Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns”, *OB Jaarboek 1948*, p. 24.

uit die tronk gelaat is, was dit een van die hoofwerksaamhede van vroue.³⁵ Trippense, sikspense en sjelings het uit alle oorde van Suid-Afrika maandeliks ingestroom na die Noodhulpkantoor in Johannesburg. Die uitgawes van bystand was op een stadium naby £3000 per maand, maar ten spyte hiervan kon die betalings elke maand gemaak word. G Cronje skrywe: “Teen die einde van die maand as die honderde tjeks die kantoor verlaat het, was die kas feitlik leeg; maar die volgende maand toe die tjeks weer geteken moes word, was die geld weer daar”.³⁶ Met die afsluiting van die fonds is daar oor ’n tydperk van agt jaar meer as £120 000 ingesamel.³⁷

Die rol van die vrou in die Noodhulpfonds is dan ook dit wat die meeste geprys is deur diegene wat vanaf die OB hulp ontvang het in hulle tye van nood. Aangevuur deur die kreet “Skep julle kommando’s in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!”,³⁸ het volksorg dwarsdeur die beweging gestalte gevind in die Noodhulpfonds. In die versamelwerk van die BOPG, “Agter tralies en doringdraad” is dit gestel dat:³⁹

...dit die vrou [was] wat die grootste bydraes gedoen het tot die geldelike behoeftes van die Ossewabrandwag, beide in sy gewone administratiewe organisasie en sy noodhulpaksie, en sonder die werk en bydraes van die Afrikanervrou sou die hele beweging eenvoudig in onmag verloop het.

Vroue se versorging via die Noodhulpfonds is baie simbolies gesien. Die vrou is opgehef as ’n sterke krag, ’n moeder met deursettingsvermoë, offervaardigheid, onkreukbaarheid en bereidwilligheid om sterk te staan vir haar gesin en volksbeweging. Daar is verwys na die “onbuigbare gees van die Boerevrou wat deur geen verdrukking of lyding van koers gebring kan word nie”.⁴⁰

Tydens ’n Vryheidsdagviering van 8 Maart 1947, ’n belangrike OB-feesdag, het die oud-gevangenes hulde gebring aan hierdie kwaliteite van die vrou deur AG Visser se woorde aan te haal:⁴¹

Hulde aan skoonheid liefde en trou,
aan die adel van ’n Vrou

35 OBA, *Bandopnames, onderhoud* (tr.), bandnrs 34-35, 1979: Herinneringe van G Cronje.

36 G Cronje, “O.B.-Noodhulp”, HG Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 415.

37 E Theron, *Sonder hoed of handskoen...*, p. 42.

38 OBA, *Die OB*, 28 Januarie 1942.

39 F, “Die vrou in die oorlogsjare”, HG Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad...*, p. 397. (Outeur word na verwys as “F” in die versamelwerk).

40 OBA, *Die OB*, 8 Julie 1942.

41 OBA, *OB Jaarboek 1948*, p. 75.

totdat geen ster meer skyn.

Die manlike hoof van die oorkoepelende Vroue-afdeling, AKG JA Smith, het die OB-vrou gesien as “die grootste morele krag van die Afrikanervolk” en het haar arbeid in volksorg en die Noodhulpfonds beskou as iets wat lei tot “die beste resultate deur die inspanning van vrouekragte” en die “bevordering van die hoogste mate van volksgeluk, beide geestelik en stofflik”.⁴²

Ten spyte van die hoë lof waarmee die vrou se sorgende arbeid in spesifiek die Noodhulpfonds besing is, is daar ’n ironiese sy daaraan as die propaganda van die Fonds onder die vergrootglas geplaas word. Alhoewel die vrou beskou is as iemand met die hoofkwaliteite van sorg, was dit die doel van die Noodhulpfonds om te sorg vir vroue en kinders wat nie meer kan staatmaak op die finansiële sorg van die man nie. Die “sorg” van die vrou beteken dus alles behalwe finansiële sorg. ’n Vrou wat finansiële sorg is een wat die beroepsarbeid betree het en so nie haar “hoogste roeping” as moeder kan nakom nie. Die vroue van geïnterneerdes en politieke gevangenes was getroude vroue met kinders en binne die geslagsorde en –ideologie van die OB was dit onaanvaarbaar vir hierdie vroue om werk te gaan soek.⁴³ Vandaar die Noodhulpfonds wat moes toesien dat die vrou wel haar hoogste roeping as moeder kon nakom. Dit is dus nie verbasend dat die amptelike propagandaplakkaat van die Noodhulpfonds die vrou se “onvermoë” om finansiële vir haarself en haar kinders te sorg uitgebeeld het nie:

Figuur 2: Amptelike propagandaplakkaat van die OB Noodhulpfonds



Bron: OBA, Pamflette: OB, “Noodhulpfonds”.

⁴² OBA, JS de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Toespraak: JA Smith, “Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag”.

⁴³ OBA, Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

Die vrou in die plakkaat is 'n moeder wie se hoogste roeping in die gedrang geplaas is, omdat die broodwinner van haar gesin agter tralies geplaas is. Alhoewel mev. Holm verwys het na die “natuurlike” krag van die vrou wat van haar 'n politieke agent maak, is dit juis ook daardie “natuurlike” aard wat die vrou, as moeder, beperk tot die huis. Die vrou is beperk deur haar natuurlike liggaam – “biology is destiny” – en kon vanweë haar verantwoordelikheid as moeder luidens die geslagsorde van die OB nie 'n beroep gaan beoefen om vir haar gesin te sorg nie. Die sorg van die vrou lê nie in die beoefening van beroepsarbeid nie. Dit wil selfs voorkom of die vrou in die plakkaat borsvoed wat nog verder dui op die “beperking” van die vrou tot die huishoudelike sfeer veroorsaak deur haar biologiese liggaam. So was die Noodhulpfonds, en by implikasie ook volksorg, 'n middel om die heersende geslagsorde en verdeling van arbeid in stand te hou. Ironies genoeg het vroue, in hulle taak van versorging, bygedra tot die instandhouding van 'n heteropatriargale geslagsorde wat die sfeer en agentskap van vroue beperk het.

In volksorg is 'n teenstrydigheid en spanning. Teen die agtergrond van die OB se eiesoortige verstaan van volksorg kan die vrou net op haar beurt sorgend optree as daar finansiële in haar behoeftes voorsien is. Die vroue wat bygedra het tot die Noodhulpfonds het gehelp om die geslagsorde in stand te hou. So is daar geskryf:⁴⁴

Sy het nie finansiële kommer gehad nie. Daarom kon sy haar kindertjies, wat die leiding van die vader moes ontbeer, versorg en opvoed; en kon sy haar lot dra soos dit 'n Afrikanervrou waardig is.

Die OB het so ingetree vir die gevange vaders ten einde die vrou as sorgende moeder in staat te stel om haar hoogste roeping na te kom “totdat” die mans uit die tronk weer hierdie taak kon behartig. In die patriargale orde van die OB kom dit daarop neer dat die vrou, sonder die man – die broodwinner vader – tog hulpeloos is.

Samevatting

Benewens die vroue se “ereplek” as moeder in die gesin het hulle volksorgaktiwiteite aangesluit by die sosialistiese doelwitte van die OB. Volgens hierdie beskouing het die gesin 'n maatskaplike funksie en daarom moes die vrou ook uitreik na ander gesinne wat in nood is. By die OB-vrou

⁴⁴ OBA, *Die OB*, 13 Desember 1944.

is ingeskerp dat sy moet besef “dat as die een gesin swak is of vir die volk verlore gaan, die volk as geheel daaronder ly”.⁴⁵ Volksorg is gesien as die vrou se aandeel in die “breëre volkslewe”, maar daar is tog ook in amptelike beleid duidelik uitgestippel dat dit as ’n bykomstige taak naas moederskap beskou moet word sodat “haar hoogste roeping daardeur [nie] in die wiele gery word nie”.⁴⁶

E Brink skrywe dat “(o)ne of the means by which men in male-dominated societies control women is by giving them a well-defined but circumscribed position within society...”.⁴⁷ In die Ossewa-Brandwag het die heteropatriargale orde die lyne getrek waarbinne vroue hulle eie agentskap kon beoefen. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat die OB-vroue ook self ’n invloed gehad het op hierdie orde nie. Vroue het self die sorgende aspek van beide moeder en maatskaplike versorger van volksgenote aanvaar en geëien. Soos blyk uit me. Holm se artikel het vroue ook groot waarde geheg aan die versorgende rol en dit breër interpreteer waar die vrou optree as versorger van die volkskultuur en volkswaardes.

Tydgenote in die OB se verstaan van geslagtelike verskil is beskou as iets wat anatomies en biologies van aard is. In die lig van bogenoemde is die woorde van De Cecco en Elia veral veelseggend: “it is popularly believed that ‘nature’ intended sexuality as a biological imperative for reproduction. In this conception, the physical structures of ovaries, uterus and vagina are believed to be the essential elements of female sexuality”.⁴⁸ In amptelike OB-beleid is dit baie duidelik uitgespel dat ’n vrou se plek in die samelewing primêr bepaal word deur die biologiese samestelling van haar “geslag”. Die volgende uittreksel uit OB-beleid gebruik biologiese essensialisme byna by die naam as rede en regverdiging vir die baseer van sosiale organisasie op geslagtelike verskil:⁴⁹

Vroue aangeleenthede kan nie op presies die selfde manier behandel word as dié van die manne nie, omdat die omstandighede van die vrou hemelsbreed verskil van die man[:]... As gevolg van haar geslag. Die primêre doel van haar bestaan is die voortplanting van die volk waaraan sy behoort. Sy moet van

45 Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk...*, p. 1.

46 OBA, *Die OB*, 13 April 1949.

47 E Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the *Volksmoeder*”, C Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Claremont, David Phillip, 1990), p. 273.

48 JP de Cecco & JP Elia, “A critique and synthesis of biological essentialism and social constructionist views of sexuality and gender”, JP de Cecco & JP Elia (eds.), *If you seduce a straight person, can you make them gay? Issues in biological essentialism versus social constructionism in gay and lesbian identities* (New York, Haworth, 1993), p. 2.

49 AEA, PV 158, Lêer no. 30, Jerling-versameling: Wenke vir die Vroueafdeling van die Ossewabrandwagbeweging.

jongs af opgelei word om haar bestemming as vrou en moeder as die hoogste roeping te beskou [sic].

Voorts het vroue wat betrokke was by volksorg by implikasie ook hierdie beeld aanvaar. Volksorg was as't ware 'n spesiale en afgebakende plek waarbinne vroue hulle eiesoortige taak, bepaal deur die verdeling van arbeid langs die lyne van geslag, kon beoefen. Hulle het hierdie plek nie gering geskat nie en ten spyte van die beperkings van die geslagsorde het vroue 'n wesenlike verskil gemaak in die versorging van geïnterneerdes se families. Verdere ironie is te bespeur in die feit dat, alhoewel vroue nie die broodwinners mag wees nie, hulle tog wel finansiële gesorg het vir hulle susters. So kan daar saam met A McClintock gestem word wanneer sy verwys na geslagsideologie, soos dié van die volksmoeder, as “a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and women”.⁵⁰

50 A McClintock, *Imperial leather* (London, Routledge, 1995), p. 378.